REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT
**R1,10** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 325 | KAAPSTAD, 15 JULIE 1992 | CAPE TOWN, 15 JULY 1992 | No. 14137

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1921. 15 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 134 van 1992: Wysigingswet op Provinsiale en Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1921. 15 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 134 of 1992: Provincial and Local Authority Affairs Amendment Act, 1992.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 2 Julie 1992.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951, ten einde die delegering van bevoegdhede deur die Administrateur verder te reël; tot wysiging van die Behuisingswet, 1966, ten einde "plaaslike bestuur" te heromskryf; en voorsiening te maak vir die finansiering van plaaslike besture vir behuisingsdoeleindes; tot wysiging van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976, ten einde die bevoegdheid van die uitvoerende komitee van 'n provinsie om geboue vir sekere doeleindes te voorsien, verder te reël; tot wysiging van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982, ten einde weg te doen met die vereiste dat 'n administrateur voordat hy die regsgebied van 'n plaaslike owerheid verander, met die Minister oorleg moet pleeg; en die magtiging van 'n administrateur om sy bevoegdhede ingevolge die Wet te delegeer, uit te brei; tot wysiging van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, ten einde die aksiekomitee van die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede te onthef van 'n sekere plig; aan plaaslike owerhede die bevoegdheid te verleen om sekere ooreenkomste aan te gaan; en Ministers te magtig om sekere bevoegdhede betreffende plaaslike owerheidsaangeleenthede te delegeer; tot wysiging van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985, ten einde sekere oorbodige woorde te skrap; en die aanwending van geld in die Opleidingsfonds vir Plaaslike Owerheidsliggame, die hou van 'n rekening vir genoemde fonds, en die tertafellegging van sekere finansiële state en jaarverslae verder te reël; tot wysiging van die Wet op Streeksdiensterade, 1985, ten einde appèlle verder te reël; en 'n streeksdiensteraad te magtig om geld vir sekere doeleindes te leen of uit te leen; tot wysiging van die Wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame, 1986, ten einde die Minister te magtig om sekere bevoegdhede te delegeer; tot wysiging van die Wet op Brandweerdienste, 1987, ten einde sekere uitdrukkings te heromskryf; die werksaamhede van die Brandweerraad en die verklaring van 'n diens of instelling tot 'n opleidingsinrigting verder te reël; aan 'n beherende gesag die bevoegdheid te verleen om sekere ooreenkomste aan te gaan; en 'n sekere bevoegdheid van die Minister by die uitvaardiging van regulasies uit te brei; tot wysiging van die Wet op Gesamentlike Dienste vir KwaZulu en Natal, 1990, ten einde die Minister van Finansies te magtig om sekere bevoegdhede te delegeer; tot wysiging van die Wet op die Ontbinding van die Stadsraad van Lekoa, 1991, ten einde die oorplasing en afstaan van personeel verder te reël; en voorsiening te maak dat die eiendomsreg op sekere grond in sekere plaaslike owerhede vestig of aan hulle oorgedra word; tot wysiging van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, ten einde die Minister te magtig om sy bevoegdhede in verband met die administrasie van 'n sekere fonds te delegeer; en verdere voorsiening te maak met betrekking tot die reëling van norme en standaarde in woonomgewings; om voorsiening te maak vir die afbakening van gesamentlike administratiewe gebiede met betrekking tot plaaslike owerheidsaangeleenthede deur 'n Administrateur, en vir die instelling van die Adviserende Kommissie oor Finansiële Aspekte betreffende Plaaslike Owerheidsaangeleenthede; om sekere vasstellings deur die Raad op Besoldiging en Diensvoordele van Stadsklerke geldig te verklaar; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 2 July 1992.)*

# ACT

**To amend the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951, so as to further regulate the delegation of powers by the Administrator; to amend the Housing Act, 1966, so as to redefine "local authority"; and to provide for the financing of local authorities for housing purposes; to amend the Financial Relations Act, 1976, so as to further regulate the power of the executive committee of a province to provide buildings for certain purposes; to amend the Black Local Authorities Act, 1982, so as to do away with the requirement that an administrator shall consult with the Minister before altering the area of jurisdiction of a local authority; and to extend the authority of an administrator to delegate his powers in terms of the Act; to amend the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983, so as to relieve the action committee of the Council for the Co-ordination of Local Government Affairs of a certain duty; to empower local authorities to enter into certain agreements; and to authorize Ministers to delegate certain powers relating to local government affairs; to amend the Local Government Training Act, 1985, so as to delete certain superfluous words in the Afrikaans text; and to further regulate the utilization of moneys in the Training Fund for Local Government Bodies, the maintaining of an account for the said fund, and the tabling of certain financial statements and annual reports; to amend the Regional Services Councils Act, 1985, so as to further regulate appeals; and to authorize a regional services council to borrow or lend money for certain purposes; to amend the Abolition of Development Bodies Act, 1986, so as to authorize the Minister to delegate certain powers; to amend the Fire Brigade Services Act, 1987, so as to redefine certain expressions; to further regulate the functions of the Fire Brigade Board and the declaration of a service or institution as a training institution; to empower a controlling authority to enter into certain agreements; and to extend a certain power of the Minister in making regulations; to amend the KwaZulu and Natal Joint Services Act, 1990, so as to authorize the Minister of Finance to delegate certain powers; to amend the Lekoa City Council Dissolution Act, 1991, so as to further regulate the transfer and secondment of staff; and to make provision for the ownership of certain land to vest in or be transferred to certain local authorities; to amend the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991, so as to authorize the Minister to delegate his powers in connection with the administration of a certain fund; and to make further provision relating to the regulation of norms and standards in residential environments; to provide for the demarcation of joint administrative areas pertaining to local government affairs by an Administrator, and for the establishment of the Advisory Commission on Financial Aspects regarding Local Government Affairs; to validate certain determinations made by the Board on Remuneration and Service Benefits of Town Clerks; and to provide for matters connected therewith.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 6D van Wet 52 van 1951, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 104 van 1988**

**1.** Artikel 6D van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951, word hierby gewysig deur paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* aan 'n lid van die uitvoerende komitee van die betrokke provinsie;

*(b)* aan die direkteur-generaal van die administrasie;

*(c)* aan 'n beampte in diens van die administrasie; of

*(d)* aan enige van die in paragraaf *(a)*, *(b)* en *(c)* bedoelde persone gesamentlik.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1966, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 47 van 1967, artikel 1 van Wet 40 van 1975, artikel 1 van Wet 124 van 1977, artikel 2 van Wet 109 van 1979, artikel 1 van Wet 28 van 1982, artikel 1 van Wet 63 van 1983, artikel 1 van Wet 97 van 1987 en artikel 73 van Wet 108 van 1991**

**2.** Artikel 1 van die Behuisingswet, 1966, word hierby gewysig deur die omskrywing van "plaaslike bestuur" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'plaaslike bestuur' 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84(1)*(f)* van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en ook—

*(a)* 'n plaaslike owerheid soos beoog in die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982); en **[ook]**

*(b)* 'n Administrateur soos beoog in die Wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame, 1986 (Wet No. 75 van 1986), by die verrigting van die werksaamhede wat ingevolge laasgenoemde Wet aan hom opgedra is;".

**Invoeging van Hoofstuk IIA in Wet 4 van 1966**

**3.** Die volgende hoofstuk word hierby in die Behuisingswet, 1966, na artikel 10 ingevoeg:

**"HOOFSTUK IIA**

*FINANSIERING VAN PLAASLIKE BESTURE VIR BEHUISINGSDOELEINDES*

**Kommissie kan plaaslike bestuur finansier ten opsigte van verskaffing van behuising**

**10A.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet kan die Kommissie, na oorlegpleging met die Administrateur en op die voorwaardes wat die Kommissie bepaal, die finansiering van 'n plaaslike bestuur goedkeur ten einde daardie plaaslike bestuur in staat te stel om uitgawes te bestry wat na die oordeel van die Kommissie voortspruit uit of verband hou met die verskaffing van behuising aan lede van die publiek.

(2) Geld wat vir die doeleindes van subartikel (1) uit die fonds uitgereik word, dra nie rente nie en is nie aan die fonds terugbetaalbaar nie.

(3) Die bepalings van artikel 80 is *mutatis mutandis* van toepassing op grond verkry deur 'n plaaslike bestuur deur middel van finansiering ingevolge hierdie artikel.".

**Vervanging van lang titel van Wet 4 van 1966, soos vervang deur artikel 7 van Wet 109 van 1979**

**4.** Die lang titel van die Behuisingswet, 1966, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 6D of Act 52 of 1951, as inserted by section 11 of Act 104 of 1988**

**1.** Section 6D of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951, is hereby amended by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (1) of the following paragraphs:

"*(a)* to a member of the executive committee of the province concerned;

*(b)* to the director-general of the administration;

*(c)* to an officer in the service of the administration; or

*(d)* to any of the persons referred to in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* jointly.".

**Amendment of section 1 of Act 4 of 1966, as amended by section 1 of Act 47 of 1967, section 1 of Act 40 of 1975, section 1 of Act 124 of 1977, section 2 of Act 109 of 1979, section 1 of Act 28 of 1982, section 1 of Act 63 of 1983, section 1 of Act 97 of 1987 and section 73 of Act 108 of 1991**

**2.** Section 1 of the Housing Act, 1966, is hereby amended by the substitution for the definition of "local authority" of the following definition:

" 'local authority' means any institution or body contemplated in section 84(1)*(f)* of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and includes—

*(a)* a local authority as contemplated in the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982); and **[includes]**

*(b)* an Administrator as contemplated in the Abolition of Development Bodies Act, 1986 (Act No. 75 of 1986), in the performance of the functions entrusted to him in terms of the last-mentioned Act;".

**Insertion of Chapter IIA in Act 4 of 1966**

**3.** The following chapter is hereby inserted in the Housing Act, 1966, after section 10:

**"CHAPTER IIA**

*FINANCING OF LOCAL AUTHORITIES FOR HOUSING PURPOSES*

**Commission may finance local authority in respect of provision of housing**

**10A.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, the Commission may, after consultation with the Administrator and on such conditions as the Commission may determine, approve of the financing of any local authority for the purpose of enabling that local authority to defray expenses which in the opinion of the Commission arise from or are related to the provision of housing to members of the public.

(2) Moneys issued out of the fund for the purpose of subsection (1) shall not bear interest and shall not be repayable to the fund.

(3) The provisions of section 80 shall *mutatis mutandis* apply to land acquired by a local authority by means of financing in terms of this section.".

**Substitution of long title of Act 4 of 1966, as substituted by section 7 of Act 109 of 1979**

**4.** The following long title is hereby substituted for the long title of the Housing Act, 1966:

**"WET**

Tot samevatting van die wetsbepalings wat voorsiening maak vir die bou van wonings en die uitvoering van behuisingskemas; om voorsiening te maak vir die uitvoering van skemas met betrekking tot die bou of aankoop van geboue of grond vir sekere dienssentrums en versorgingsoorde vir sekere kinders en met betrekking tot die voorsiening van fasiliteite vir gemeenskapsontwikkeling; tot samevatting van die wetsbepalings wat voorsiening maak vir die stigting van 'n Nasionale Behuisingsfonds en die instelling van 'n Nasionale Behuisingskommissie, wat die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van bedoelde Kommissie omskryf, wat sekere bevoegdhede met betrekking tot die bou van wonings, die aankoop van wonings, en die uitvoering van behuisingskemas, aan plaaslike besture verleen, wat voorsiening maak vir die finansiering van plaaslike besture vir behuisingsdoeleindes, en vir die toestaan van lenings aan natuurlike persone om hulle in staat te stel om wonings te koop en aan sekere persone om hulle in staat te stel om voorsiening te maak vir water vir huishoudelike doeleindes, en wat vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening maak.".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 65 van 1976, soos ingevoeg deur artikel 1 van Wet 59 van 1991**

**5.** Artikel 19 van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* geboue in paragraaf *(a)* beoog **[na oorlegpleging]** in samewerking met die betrokke plaaslike owerheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet No. 91 van 1983), maar met uitsluiting van 'n plaaslike raad vermeld in paragraaf *(e)* van bedoelde omskrywing, beplan, oprig of verkry en in stand hou en ombou,".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 102 van 1982, soos vervang deur artikel 2 van Wet 58 van 1986 en gewysig deur Goewermentskennisgewing 20 van 1987, artikel 2 van Wet 43 van 1988, artikel 2 van Wet 95 van 1988 en artikel 78 van Wet 108 van 1991**

**6.** Artikel 2 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(b)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n Administrateur kan by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* **[en na oorlegpleging met die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning]**—".

**Wysiging van artikel 55 van Wet 102 van 1982, soos vervang deur artikel 21 van Wet 95 van 1988**

**7.** Artikel 55 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die administrateur kan 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen, behalwe 'n bevoegdheid bedoel in artikel 2(1) tot en met (10), 27, 29 of 56 of wat by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* uitgeoefen moet word, aan 'n beampte in die provinsiale administrasie delegeer.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 91 van 1983, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 45 van 1985, artikel 2 van Wet 79 van 1986, artikel 8 van Wet 43 van 1988 en artikel 3 van Wet 82 van 1988**

**8.** Artikel 5 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Die aksiekomitee **[bepaal, met behoorlike inagneming van die bepalings van artikel 4, die agenda van 'n vergadering van die koördinerende raad, en]** verrig **[daarbenewens ook]** die werksaamhede wat die raad **[met die goedkeuring van die Minister]** bepaal.".

**"ACT**

To consolidate the laws providing for the construction of dwellings and the carrying out of housing schemes; to make provision for the carrying out of schemes in connection with the construction or purchase of buildings or land for certain service centres and places of care for certain children and in connection with the provision of facilities for community development; to consolidate the laws providing for the creation of a National Housing Fund and the establishment of a National Housing Commission, defining the powers, duties and functions of the said Commission, conferring certain powers upon local authorities in connection with the construction of dwellings, the purchase of dwellings and the carrying out of housing schemes, providing for the financing of local authorities for housing purposes, and for the granting of loans to natural persons to enable them to purchase dwellings and to certain persons to enable them to make provision for water for domestic purposes, and providing for other incidental matters.".

**Amendment of section 19 of Act 65 of 1976, as inserted by section 1 of Act 59 of 1991**

**5.** Section 19 of the Financial Relations Act, 1976, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* plan, erect or acquire and maintain and reconstruct buildings contemplated in paragraph *(a)* **[after consultation]** in co-operation with the local authority concerned as defined in section 1 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act No. 91 of 1983), but excluding a local council mentioned in paragraph *(e)* of such definition,".

**Amendment of section 2 of Act 102 of 1982, as substituted by section 2 of Act 58 of 1986 and amended by Government Notice 20 of 1987, section 2 of Act 43 of 1988, section 2 of Act 95 of 1988 and section 78 of Act 108 of 1991**

**6.** Section 2 of the Black Local Authorities Act, 1982, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(b)* of the following words:

"An administrator may by notice in the *Official Gazette* **[and after consultation with the Minister of Constitutional Development and Planning]**—".

**Amendment of section 55 of Act 102 of 1982, as substituted by section 21 of Act 95 of 1988**

**7.** Section 55 of the Black Local Authorities Act, 1982, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) An administrator may delegate any power conferred upon him by or under this Act, excluding a power referred to in section 2(1) up to and including (10), 27, 29 or 56 or to be exercised by notice in the *Official Gazette,* to an officer in the provincial administration.".

**Amendment of section 5 of Act 91 of 1983, as amended by section 3 of Act 45 of 1985, section 2 of Act 79 of 1986, section 8 of Act 43 of 1988 and section 3 of Act 82 of 1988**

**8.** Section 5 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* The action committee shall **[with due regard to the provisions of section 4, determine the agenda of a meeting of the co-ordinating council, and shall in addition]** perform such functions as may be determined by the council **[with the approval of the Minister]**.".

**Invoeging van artikels 17F en 17G in Wet 91 van 1983**

**9.** Die volgende artikels word hierby in die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, na artikel 17E ingevoeg:

**"Ooreenkomste**

**17F.** (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet kan 'n plaaslike owerheid, na oorlegpleging met die Administrateur van die provinsie waarin die gebied van die plaaslike owerheid geleë is, met enige persoon, instelling of liggaam in 'n ander gebied, provinsie of staat 'n ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan—

*(a)* die plaaslike owerheid onderneem om op die voorwaardes waarop ooreengekom word ten behoewe van daardie persoon, instelling of liggaam 'n funksie te verrig of 'n diens te lewer wat daardie plaaslike owerheid regtens kan verrig of lewer; of

*(b)* daardie persoon, instelling of liggaam onderneem om op die voorwaardes waarop ooreengekom word ten behoewe van die plaaslike owerheid 'n funksie te verrig of 'n diens te lewer wat daardie plaaslike owerheid regtens kan verrig of lewer.

(2) Waar so 'n ooreenkoms aangegaan word met 'n persoon, instelling of liggaam in 'n ander staat, moet dit geskied met die instemming van die betrokke Administrateur en die Minister van Buitelandse Sake.

**Delegering van sekere bevoegdhede van Ministers**

**17G.** (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet kan 'n Staatsminister 'n bevoegdheid wat enige wet met betrekking tot plaaslike bestuur aan hom verleen om sy instemming, goedkeuring of toestemming vir of ten opsigte van enige aangeleentheid te verleen, delegeer aan 'n beampte in sy departement met 'n rang nie laer nie as dié van direkteur.

(2) Subartikel (1) doen nie afbreuk aan 'n bepaling van 'n wet in daardie subartikel bedoel ingevolge waarvan die delegering van enige bevoegdheid van 'n Minister uitdruklik gereël word nie.".

**Vervanging van lang titel van Wet 91 van 1983, soos vervang deur artikel 3 van Wet 109 van 1991**

**10.** Die lang titel van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

**"WET**

Om voorsiening te maak vir die koördinering van werksaamhede wat van algemene belang vir plaaslike owerhede is en van daardie werksaamhede van plaaslike owerhede wat in die nasionale belang gekoördineer behoort te word; die instelling van 'n koördinerende raad vir daardie doel; die instelling van komitees om die koördinerende raad by die verrigting van sy werksaamhede by te staan; die instelling van 'n aksiekomitee van die koördinerende raad; die instelling van 'n afbakeningsraad ten opsigte van sekere gebiede; die instelling van 'n uitvoerende komitee van die afbakeningsraad; die instelling van komitees om sekere ondersoeke namens die afbakeningsraad in te stel; die verlening van ontwikkelingshulp aan plaaslike owerhede; die instelling van munisipale ontwikkelingsrade vir daardie doel; die aanwysing van persone of instellings vir doeleindes van lidmaatskap van die koördinerende raad; die verbetering van kommunikasie tussen sekere komitees en plaaslike owerhede betreffende sekere aangeleenthede; die uitoefening van sekere bevoegdhede deur die Administrateur ooreenkomstig voorskrifte deur die Minister bepaal; die uitbreiding van die werksaamhede van genoemde komitees; en die opdrag van werksaamhede deur plaaslike owerhede; aan 'n plaaslike owerheid die bevoegdheid te verleen om 'n maatskappy op te rig en aandele daarin te verkry; **[en]** voorsiening te maak dat 'n

**Insertion of sections 17F and 17G in Act 91 of 1983**

**9.** The following sections are hereby inserted in the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983, after section 17E:

**"Agreements**

**17F.** (1) Notwithstanding the provisions of any other law, a local authority may, after consultation with the Administrator of the province in which its area is situated, enter into an agreement with any person, institution or body in any other area, province or state in terms of which—

*(a)* the local authority undertakes to perform a function or render a service which that local authority may legally perform or render, on such conditions as may be agreed upon, on behalf of that person, institution or body; or

*(b)* that person, body or institution undertakes, on such conditions as may be agreed upon, on behalf of the local authority to perform a function or render a service which that local authority may legally perform or render.

(2) Where such an agreement is entered into with a person, institution or body in another state, it shall be with the concurrence of the Administrator concerned and the Minister of Foreign Affairs.

**Delegation of certain powers of Ministers**

**17G.** (1) Any Minister of State may, notwithstanding the provisions of any other law, delegate any power conferred upon him by any law pertaining to local government to grant his concurrence, approval or consent for or in respect of any matter, to an officer in his department with a rank not lower than that of director.

(2) Subsection (1) shall not derogate from a provision of any law referred to in that subsection in terms of which the delegation of any power of a Minister is specifically regulated.".

**Substitution of long title of Act 91 of 1983, as substituted by section 3 of Act 109 of 1991**

**10.** The following long title is hereby substituted for the long title of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983:

**"ACT**

To make provision for the co-ordination of functions of general interest to local authorities and of those functions of local authorities which should in the national interest be co-ordinated; the establishment of a co-ordinating council for that purpose; the establishment of committees in order to assist the co-ordinating council in the performance of its functions; the establishment of an action committee of the co-ordinating council; the establishment of a demarcation board in respect of certain areas; the establishment of an executive committee of the demarcation board; the establishment of committees to hold enquiries for the demarcation board; the rendering of development aid to local authorities; the establishment of municipal development boards for that purpose; the designation of persons or institutions for purposes of membership of the co-ordinating council; the improvement of communication between certain committees and local authorities relating to certain matters; the exercise of certain powers by the Administrator in accordance with directives determined by the Minister; the extension of the functions of the said committees; and the assignment of functions by local authorities; to empower a local authority to form a company and to acquire shares therein; **[and]** to provide that a local authority may transfer or second any of its officers or employees to or place his service at the

plaaslike owerheid enige van sy beamptes of werknemers kan oorplaas na of afstaan aan of sy dienste tot die beskikking kan stel van 'n maatskappy; aan 'n plaaslike owerheid die bevoegdheid te verleen om sekere ooreenkomste aan te gaan; Staatsministers te magtig om sekere bevoegdhede betreffende plaaslike owerheidsaangeleenthede te delegeer; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 41 van 1985, soos gewysig deur artikel 30 van Wet 32 van 1987, artikel 2 van Wet 84 van 1988 en artikel 2 van Wet 76 van 1991**

**11.** Artikel 2 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Vir elke lid van die Opleidingsraad, uitgesonderd 'n lid in subartikel (2)*(j)* bedoel, moet 'n plaasvervangende lid aangewys word om gedurende sy afwesigheid of onvermoë op te tree, deur, in die geval van 'n plaasvervangende lid vir 'n lid bedoel in subartikel (2)*(f)*, *(h)* of *(k)*, die Minister **[deur wie daardie lid aangewys is]**, met inagneming van die bepalings van subartikel (2)*(h)* ten opsigte van 'n lid bedoel in daardie subartikel.".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 41 van 1985, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 84 van 1988 en artikel 5 van Wet 76 van 1991**

**12.** Artikel 8 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van artikel 2(6) kan die Opleidingsraad op die voorwaardes wat hy goedvind en op die grondslag wat hy met die instemming van die Minister bepaal, die geld in die opleidingsfonds aanwend vir **[die toeken van]**—

*(a)* die toeken van hulptoelaes, skenkings of lenings aan enige persoon, instelling, vereniging of liggaam, met inbegrip van 'n plaaslike owerheidsliggaam of opleidingsentrum bedoel in artikel 9A, wat opleiding verskaf of sal verskaf;

*(b)* die toeken van beurse, beurslenings of geldelike bydraes aan persone wat opleiding ondergaan of sal ondergaan;

*(c)* **[fondse vir]** die finansiering van—

(i) die opstel, versamel en aanbied van opleidingskursusse;

(ii) algemene of gesamentlike werwingsaksies vir die verkryging van die dienste van werknemers vir die plaaslike owerheidsektor;

(iii) enige ander uitgawe wat met opleiding in verband staan.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 41 van 1985**

**13.** Artikel 11 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Daar moet by **[die Suid-Afrikaanse Reserwebank]** 'n depositonemende instelling soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Depositonemende Instellings, 1990 (Wet No. 94 van 1990), 'n rekening in die naam van die opleidingsfonds gehou word—".

**Wysiging van artikel 13 van Wet 41 van 1985**

**14.** Artikel 13 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* geld wat ingevolge artikel 8(1) **[toegeken]** aangewend is vir die doeleindes vermeld in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* van daardie artikel."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die finansiële state bedoel in artikel 12*(b)*(i) en die verslag bedoel in subartikel (1) van hierdie artikel, word deur die Opleidingsraad aan die Minister gestuur en moet deur die Minister in die Parlement ter Tafel gelê word binne 14 dae **[nadat dit beskikbaar geword het]** na ontvangs daarvan indien die Parlement

disposal of a company; to empower a local authority to enter into certain agreements; to authorize Ministers of State to delegate certain powers relating to local government affairs; and to provide for incidental matters.".

**Amendment of section 2 of Act 41 of 1985, as amended by section 30 of Act 32 of 1987, section 2 of Act 84 of 1988 and section 2 of Act 76 of 1991**

**11.** Section 2 of the Local Government Training Act, 1985, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the Afrikaans text of the following subsection:

"(3) Vir elke lid van die Opleidingsraad, uitgesonderd 'n lid in subartikel (2)*(j)* bedoel, moet 'n plaasvervangende lid aangewys word om gedurende sy afwesigheid of onvermoë op te tree, deur, in die geval van 'n plaasvervangende lid vir 'n lid bedoel in subartikel (2)*(f)*, *(h)* of *(k)*, die Minister **[deur wie daardie lid aangewys is]**, met inagneming van die bepalings van subartikel (2)*(h)* ten opsigte van 'n lid bedoel in daardie subartikel.".

**Amendment of section 8 of Act 41 of 1985, as amended by section 3 of Act 84 of 1988 and section 5 of Act 76 of 1991**

**12.** Section 8 of the Local Government Training Act, 1985, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 2(6), the Training Board may, on such conditions as it may deem fit and on such basis as it may determine with the approval of the Minister, utilize the moneys in the training fund for **[the allocation of]**—

*(a)* the allocation of grants-in-aid, donations or loans to any person who or institution, association or body, including a local government body or training centre intended in section 9A, which provides training or will provide training;

*(b)* the allocation of bursaries, bursary loans or financial contributions to persons undergoing training or who will undergo training;

*(c)* **[funds for]** the financing of—

(i) the compiling, collection and presentation of training courses;

(ii) general or combined recruiting actions for obtaining the services of employees for the local government sector;

(iii) any other expense related to training.".

**Amendment of section 11 of Act 41 of 1985**

**13.** Section 11 of the Local Government Training Act, 1985, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"There shall be maintained at **[the South African Reserve Bank]** a deposit-taking institution as defined in section 1(1) of the Deposit-taking Institutions Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), an account in the name of the training fund—".".

**Amendment of section 13 of Act 41 of 1985**

**14.** Section 13 of the Local Government Training Act, 1985, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* moneys **[allocated]** utilized in terms of section 8(1) for the purposes set out in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* of that section."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The financial statements intended in section 12*(b)*(i) and the report intended in subsection (1) of this section, shall be sent to the Minister by the Training Board and shall be tabled in Parliament by the Minister within 14 days after **[they have become available]** receipt thereof if Parliament is then in session or, if

dan in sessie is of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy volgende sessie.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 109 van 1985, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 78 van 1986, artikel 12 van Wet 49 van 1988 en artikel 4 van Wet 75 van 1991**

**15.** Artikel 11 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985, word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikel in te voeg:

"(3A) Indien 'n raad—

*(a)* versuim om te voldoen aan 'n versoek om die heroorweging van 'n besluit ingevolge subartikel (2); of

*(b)* nadat hy die betrokke besluit heroorweeg het, versuim om 'n besluit daaroor te neem,

kan 'n plaaslike liggaam wat in die raad verteenwoordig is of 'n persoon of instelling wat ingevolge artikel 4(3)*(a)*(iii) by ooreenkoms tot die raad toegelaat is en wie se belange geraak word deur die besluit wat die raad versoek is om te heroorweeg, *mutatis mutandis* ooreenkomstig subartikel (3) teen daardie besluit appelleer na 'n appèlraad saamgestel soos beoog in subartikel (3).".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 109 van 1985, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 78 van 1986, artikel 14 van Wet 49 van 1988 en artikel 5 van Wet 75 van 1991**

**16.** Artikel 12 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985, word hierby gewysig deur na subartikel (11) die volgende subartikel in te voeg:

"(11A) 'n Raad kan, met die voorafverkreë goedkeuring van die Minister van Finansies, geld leen of uitleen vir die doeleindes van of in verband met die uitoefening of verrigting van enige bevoegdheid, plig of werksaamheid wat by of ingevolge hierdie Wet aan die raad verleen of opgedra is.".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 75 van 1986, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 47 van 1988 en artikel 2 van Wet 81 van 1990**

**17.** Artikel 3 van die Wet op die Afskaffing van die Ontwikkelingsliggame, 1986, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Die Minister kan die bevoegdheid om 'n sertifikaat bedoel in subartikel (4)*(d)* uit te reik, delegeer aan 'n beampte in sy departement met 'n rang nie laer nie as dié van direkteur.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 99 van 1987, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 83 van 1990**

**18.** Artikel 1 van die Wet op Brandweerdienste, 1987, word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "beherende gesag" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'beherende gesag' die plaaslike owerheid in beheer van 'n diens **[wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen]** of die persoon in beheer van 'n aangewese diens;"; en

*(b)* deur die omskrywing van "voorskryf", "voorgeskryf" of "voorgeskrewe" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'voorskryf', 'voorgeskryf' of 'voorgeskrewe' by regulasie kragtens artikel 15 of, behalwe by die toepassing van artikel 11, by riglyn deur die Raad aanbeveel en deur die Minister goedgekeur, voorskryf, voorgeskryf of voorgeskrewe.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 99 van 1987, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 83 van 1990**

**19.** Artikel 2 van die Wet op Brandweerdienste, 1987, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Hierby word 'n raad wat die Brandweerraad heet, ingestel om die werksaamhede te verrig wat ingevolge hierdie Wet of die regulasies beoog in artikel 15 aan hom opgedra word.".

Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next session.".

**Amendment of section 11 of Act 109 of 1985, as amended by section 6 of Act 78 of 1986, section 12 of Act 49 of 1988 and section 4 of Act 75 of 1991**

**15.** Section 11 of the Regional Services Councils Act, 1985, is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) If a council—

*(a)* fails to comply with a request for the reconsideration of a decision in terms of subsection (2); or

*(b)* after having reconsidered the decision in question, fails to come to a decision,

any local body represented on the council, or a person or institution admitted by agreement in terms of section 4(3)*(a)*(iii) as a member of the council, and whose interests are affected by the decision that the council was requested to reconsider, may *mutatis mutandis* in accordance with subsection (3) appeal against that decision to an appeal board constituted as contemplated in subsection (3).".

**Amendment of section 12 of Act 109 of 1985, as amended by section 8 of Act 78 of 1986, section 14 of Act 49 of 1988 and section 5 of Act 75 of 1991**

**16.** Section 12 of the Regional Services Councils Act, 1985, is hereby amended by the insertion after subsection (11) of the following subsection:

"(11A) A council may, with the prior approval of the Minister of Finance, borrow or lend money for the purposes of or in connection with the exercise or performance of any power, duty or function conferred on or assigned to the council by or in terms of this Act.".

**Amendment of section 3 of Act 75 of 1986, as amended by section 2 of Act 47 of 1988 and section 2 of Act 81 of 1990**

**17.** Section 3 of the Abolition of Development Bodies Act, 1986, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) The Minister may delegate the power to issue a certificate referred to in subsection (4)*(d)* to an officer in his department with a rank not lower than that of director.".

**Amendment of section 1 of Act 99 of 1987, as amended by section 1 of Act 83 of 1990**

**18.** Section 1 of the Fire Brigade Services Act, 1987, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "controlling authority" of the following definition:

" 'controlling authority' means a local authority in control of a service **[which complies with the prescribed requirements]** or the person in control of a designated service;"; and

*(b)* by the substitution for the definition of "prescribe" or "prescribed" of the following definition:

" 'prescribe' or 'prescribed' means prescribe or prescribed by regulation under section 15 or, except for the purposes of section 11, by guideline recommended by the Board and approved by the Minister;".

**Amendment of section 2 of Act 99 of 1987, as amended by section 2 of Act 83 of 1990**

**19.** Section 2 of the Fire Brigade Services Act, 1987, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) There is hereby established a board known as the Fire Brigade Board, to perform the functions assigned to it in terms of this Act or the regulations contemplated in section 15.".

**Wysiging van artikel 7 van Wet 99 van 1987**

**20.** Artikel 7 van die Wet op Brandweerdienste, 1987, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* op die voorwaardes wat hy bepaal by kennisgewing in die *Staatskoerant* so 'n diens of ander inrigting tot 'n opleidingsinrigting verklaar waarby die vaardigheidsopleiding, of 'n deel daarvan, vereis vir of verbonde aan die voorgeskrewe kwalifikasies van 'n brandweerhoof of 'n lid van 'n diens **[verwerf]** aangebied kan word;".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 99 van 1987**

**21.** Artikel 12 van die Wet op Brandweerdienste, 1987, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) 'n Beherende gesag kan, met die instemming van die Administrateur en die Minister van Buitelandse Sake, 'n ooreenkoms aangaan waarvolgens—

*(a)* die beherende gesag onderneem om sy diens op die voorwaardes waarop ooreengekom word aan 'n persoon, instelling of liggaam in 'n ander staat beskikbaar te stel; of

*(b)* 'n persoon, instelling of liggaam in 'n ander staat onderneem om 'n diens op die voorwaardes waarop ooreengekom word aan die beherende gesag beskikbaar te stel.".

**Wysiging van artikel 15 van Wet 99 van 1987, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 83 van 1990**

**22.** Artikel 15 van die Wet op Brandweerdienste, 1987, word hierby gewysig deur subartikel (2A) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2A) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende gebiede of verskillende kategorieë persone, dienste of toerusting gemaak word.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 84 van 1990**

**23.** Artikel 16 van die Wet op Gesamentlike Dienste vir KwaZulu en Natal, 1990, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(13) Die Minister van Finansies van die Republiek kan enige van of al die bevoegdhede wat hierdie artikel aan hom verleen, delegeer aan 'n beampte in sy departement met 'n rang nie laer nie as dié van adjunk-direkteur.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 61 van 1991**

**24.** Artikel 5 van die Wet op die Ontbinding van die Stadsraad van Lekoa, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings van enige dienskontrak, met inbegrip van alle diensvoorwaardes, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op 'n persoon in subartikel (1) beoog van toepassing was en by daardie inwerkingtreding op hom van toepassing sou gewees het indien dit nie vir die aanname van hierdie Wet was nie, bly onveranderd op hom van toepassing totdat hy ingevolge subartikel (4) van hierdie artikel of artikel 6(3) of (4) **[na die diens van 'n stadsraad vermeld in artikel 2]** oorgeplaas word.";

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) So gou doenlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet plaas die administrateur van die provinsie Transvaal met die instemming van die administrateur van die provinsie die Oranje-Vrystaat en onderworpe aan die voorwaardes wat die administrateur van die provinsie Transvaal bepaal, die persone in subartikel (1) van hierdie artikel beoog wat hy goedvind, **[met hulle instemming]** oor na 'n stadsraad in artikel 2 vermeld."; en

**Amendment of section 7 of Act 99 of 1987**

**20.** Section 7 of the Fire Brigade Services Act, 1987, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* on such conditions as he may determine by notice in the *Gazette* declare such a service or other institution as a training institution at which the proficiency training, or any part thereof, required for or connected with the prescribed qualifications of a chief fire officer or a member of a service may be **[obtained]** presented;".

**Amendment of section 12 of Act 99 of 1987**

**21.** Section 12 of the Fire Brigade Services Act, 1987, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) A controlling authority may, with the concurrence of the Administrator and the Minister of Foreign Affairs, conclude an agreement in terms of which—

*(a)* the controlling authority undertakes to make available its service, on such conditions as may be agreed upon, to any person, institution or body in any other state; or

*(b)* a person, institution or body in any other state undertakes to make available a service, on such conditions as may be agreed upon, to the controlling authority.".

**Amendment of section 15 of Act 99 of 1987, as amended by section 11 of Act 83 of 1990**

**22.** Section 15 of the Fire Brigade Services Act, 1987, is hereby amended by the substitution for subsection (2A) of the following subsection:

"(2A) Different regulations may be made under subsection (1) in respect of different areas or different categories of persons, services or equipment.".

**Amendment of section 16 of Act 84 of 1990**

**23.** Section 16 of the KwaZulu and Natal Joint Services Act, 1990, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(13) The Minister of Finance of the Republic may delegate any or all of the powers conferred upon him by this section to an officer in his department with a rank not lower than that of deputy director.".

**Amendment of section 5 of Act 61 of 1991**

**24.** Section 5 of the Lekoa City Council Dissolution Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The provisions of any contract of service, including all conditions of service, which applied to a person contemplated in subsection (1) immediately prior to the commencement of this Act and would but for the passing of this Act have applied to him at that commencement, shall remain applicable to him unchanged until he is transferred in terms of subsection (4) of this section **[to the service of a city council mentioned in section 2]** or section 6(3) or (4).".

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) As soon as practicable after the commencement of this Act, the administrator of the province of the Transvaal shall, with the concurrence of the administrator of the province of the Orange Free State and subject to such conditions as the administrator of the province of the Transvaal may determine, **[with their consent]** transfer such persons contemplated in subsection (1) of this section as are approved by him, to a city council mentioned in section 2."; and

*(c)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Totdat die oorplasing beoog in subartikel (4) plaasgevind het, kan die administrateur van die provinsie Transvaal persone in subartikel (1) van hierdie artikel beoog, **[met hul instemming]** afstaan aan die stadsrade vermeld in artikel 2 om vir 'n tydperk van nie langer nie as 12 maande aldaar diens te doen.".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 61 van 1991**

**25.** Artikel 6 van die Wet op die Ontbinding van die Stadsraad van Lekoa, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Ondanks die bepalings van enige ander wet, maar behoudens die bepalings van hierdie Wet, indien die administrateur meer as een plaaslike owerheid vir die gebiede vermeld in subartikel (1) instel—

(i) gaan alle bates wat in enige sodanige gebied geleë is en alle laste, regte, pligte en verpligtinge wat betrekking het op of in verband staan met so 'n gebied, met ingang van die datum waarop die betrokke plaaslike owerheid ingestel is, oor op die betrokke ooreenstemmende plaaslike owerheid;

(ii) plaas die administrateur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, die persone in artikel 5(1) beoog wat hy goedvind, oor na 'n plaaslike owerheid in hierdie subartikel beoog;

(iii) is die bepalings van artikel 5 *mutatis mutandis* van toepassing op elke persoon wat ingevolge paragraaf *(a)*(ii) van hierdie subartikel na 'n plaaslike owerheid oorgeplaas word."; en

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(5) Ondanks die bepalings van enige ander wet—

*(a)* gaan die eiendomsreg op elke openbare plek geleë binne die regsgebied van 'n plaaslike owerheid beoog in subartikel (3) of (4), op daardie plaaslike owerheid oor; en

*(b)* dra die administrateur alle grond wat by hom ingevolge artikel 3 van die Wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame, 1986 (Wet No. 75 van 1986), berus en wat geleë is binne die regsgebied van 'n plaaslike owerheid beoog in subartikel (3) of (4), aan daardie plaaslike owerheid oor.

(6) Die betrokke registrateur van aktes moet by voorlegging aan hom van 'n sertifikaat deur die administrateur dat onroerende goed in die sertifikaat beskryf, ingevolge subartikel (3), (4) of (5) op 'n plaaslike owerheid oorgaan, die inskrywing of aantekeninge wat hy nodig ag in of op enige tersaaklike titelakte, register of ander stuk in sy kantoor of aan hom voorgelê, aanbring ten einde daardie onroerende goed op naam van die betrokke plaaslike owerheid te registreer.".

**Wysiging van artikel 72 van Wet 108 van 1991**

**26.** Artikel 72 van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) *(a)* Ondanks die bepalings van subartikel (1) bly die fonds bedoel in artikel 47 van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984), voortbestaan en word dit geadministreer deur die Minister van **[Beplanning, Provinsiale Sake]** Plaaslike Regering en Nasionale Behuising.

*(b)* Die Minister kan enige bevoegdheid wat paragraaf *(a)* aan hom verleen, delegeer aan 'n beampte in die Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising met 'n rang nie laer nie as dié van direkteur.".

*(c)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Until the transfer contemplated in subsection (4) has occurred, the administrator of the province of the Transvaal may **[with their consent]** second persons contemplated in subsection (1) of this section to the city councils mentioned in section 2 to serve there for a period not exceeding 12 months.".

**Amendment of section 6 of Act 61 of 1991**

**25.** Section 6 of the Lekoa City Council Dissolution Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(a)* Notwithstanding the provisions of any other law, but subject to the provisions of this Act, if the administrator establishes more than one local authority for the areas mentioned in subsection (1)—

(i) all assets situated in any such area and all liabilities, rights, duties and obligations which pertain to or are connected with any such area, shall pass to the corresponding local authority concerned with effect from the date on which the local authority concerned was established;

(ii) the administrator shall, subject to such conditions as he may determine, transfer such persons contemplated in section 5(1) as are approved by him, to a local authority contemplated in this subsection;

(iii) the provisions of section 5 shall apply *mutatis mutandis* to every person who is transferred to a local authority in terms of paragraph *(a)*(ii) of this subsection."; and

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(5) Notwithstanding the provisions of any other law—

*(a)* the ownership of every public place situated within the area of jurisdiction of a local authority contemplated in subsection (3) or (4), shall pass to that local authority; and

*(b)* the administrator shall transfer all land vesting in him in terms of section 3 of the Abolition of Development Bodies Act, 1986 (Act No. 75 of 1986), and which is situated within the area of jurisdiction of a local authority contemplated in subsection (3) or (4), to that local authority.

(6) The registrar of deeds concerned shall, on submission to him of a certificate by the administrator that immovable property described in the certificate passes in terms of subsection (3), (4) or (5) to a local authority, make such entries or endorsements as he may deem necessary in or on any relevant title deed, register or other document in his office or submitted to him, in order to register that immovable property in the name of the local authority concerned.".

**Amendment of section 72 of Act 108 of 1991**

**26.** Section 72 of the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) *(a)* Notwithstanding the provisions of subsection (1), the fund referred to in section 47 of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984), shall continue to exist and shall be administered by the Minister of **[Planning, Provincial Affairs]** Local Government and National Housing.

*(b)* The Minister may delegate any power conferred upon him by paragraph *(a)* to an officer in the Department of Local Government and National Housing with a rank not lower than that of director.".

**Wysiging van artikel 97 van Wet 108 van 1991**

**27.** Artikel 97 van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* van die omskrywing van "buurt" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* **['n deel van]** 'n gebied **[in paragraaf *(a)* bedoel]** wat minstens 100 woonpersele beslaan en wat vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk omskryf word by wyse van kadastrale grense soos dit op die Landmeter-generaal se kompilasiekaarte of op een of meer kaarte aangedui word;"; en

*(b)* deur na die omskrywing van "eienaar" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'kaart' 'n kaart soos omskryf in artikel 102(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937;".

**Gesamentlike administratiewe gebiede**

**28.** (1) 'n Administrateur kan ondanks enige ander wet by proklamasie in die *Offisiële Koerant* en met ingang van 'n datum in die proklamasie vermeld—

*(a)* na oorleg met die betrokke plaaslike owerheidsliggame—

(i) 'n gebied (hieronder 'n gesamentlike administratiewe gebied genoem) wat die regsgebiede van twee of meer plaaslike owerheidsliggame of 'n deel van daardie regsgebiede beslaan (hetsy daardie gebiede aangrensend is al dan nie), afbaken deur die grense daarvan te bepaal en te beskryf en van tyd tot tyd te verander;

(ii) 'n naam aan so 'n gesamentlike administratiewe gebied gee;

*(b)* na oorweging van 'n ter sake dienende aanbeveling van die Kommissie ingestel by artikel 28(1), voorsiening maak vir die toedeling van inkomste verkry uit en uitgawes aangegaan in verband met die verrigting van 'n funksie of die lewering van 'n diens deur so 'n plaaslike owerheidsliggaam binne of in verband met die betrokke gesamentlike administratiewe gebied;

*(c)* voorsiening maak vir eenvormige tariewe ten opsigte van so 'n diens.

(2) Die Administrateur kan 'n proklamasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig by proklamasie in die *Offisiële Koerant* wysig of herroep.

(3) By die toepassing van hierdie artikel en artikel 28 het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op Tussentydse Maatreëls vir Plaaslike Regering, 1991 (Wet No. 128 van 1991), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

**Adviserende Kommissie oor Finansiële Aspekte betreffende Plaaslike Owerheidsaangeleenthede**

**29.** (1) Daar word hierby 'n kommissie ingestel met die naam die Adviserende Kommissie oor Finansiële Aspekte betreffende Plaaslike Owerheidsaangeleenthede (hieronder die Kommissie genoem).

(2) Die Kommissie bestaan uit die getal lede deur die Minister van Finansies met die instemming van die Minister van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising van tyd tot tyd bepaal en aangestel.

(3) Die Minister van Finansies wys met die instemming van die Minister van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising 'n lid van die Kommissie as voorsitter en 'n ander lid as ondervoorsitter aan.

(4) Wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy werksaamhede ingevolge hierdie artikel te verrig nie of as niemand as voorsitter aangewys is nie, neem die ondervoorsitter in sy plek waar, en terwyl hy aldus waarneem, kan hy al die bevoegdhede uitoefen en verrig hy al die pligte van die voorsitter.

(5) 'n Lid van die Kommissie beklee sy amp as lid, en 'n lid wat as voorsitter of ondervoorsitter aangewys is, beklee sy amp as voorsitter of ondervoorsitter, vir solank dit die Minister van Finansies behaag.

(6) Die Kommissie moet op versoek van—

*(a)* die Minister van Finansies ondersoek instel en skriftelik aanbevelings doen aangaande die toedeling van toekennings aan plaaslike owerheidsliggame deur die Staat;

**Amendment of section 97 of Act 108 of 1991**

**27.** Section 97 of the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "by-law" of the following definition:

" 'diagram' means any diagram as defined in section 102(1) of the Deeds Registries Act, 1937;"; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of the definition of "neighbourhood" of the following paragraph:

"*(b)* **[a portion of]** any area **[referred to in paragraph *(a)*]** comprising at least 100 residential premises and which is defined for the purposes of this Chapter by means of cadastral boundaries as shown on the compilation maps of the Surveyor-General or on one or more diagrams;".

**Joint administrative areas**

**28.** (1) An Administrator may, notwithstanding any other law, by proclamation in the *Official Gazette* and with effect from a date specified in the proclamation—

*(a)* after consultation with the local government bodies concerned—

(i) demarcate an area (hereinafter referred to as a joint administrative area) which comprises the areas of jurisdiction of two or more local government bodies or a part of those areas of jurisdiction (whether such areas are contiguous or not) by determining and describing and from time to time altering the boundaries thereof;

(ii) assign a name to such a joint administrative area;

*(b)* after consideration of a relevant recommendation of the Commission established by section 28(1), provide for the apportionment of revenue derived from and expenditure incurred in connection with the performance of a function or the rendering of a service by such a local government body within or in connection with the joint administrative area concerned;

*(c)* provide for uniform tariffs in respect of such a service.

(2) The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* amend or repeal a proclamation made under subsection (1).

(3) In the application of this section and section 28, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Interim Measures for Local Government Act, 1991 (Act No. 128 of 1991), shall have a corresponding meaning.

**Advisory Commission on Financial Aspects regarding Local Government Affairs**

**29.** (1) There is hereby established a commission to be known as the Advisory Commission on Financial Aspects regarding Local Government Affairs (hereinafter referred to as the Commission).

(2) The Commission shall consist of such number of members as may from time to time be determined and appointed by the Minister of Finance with the concurrence of the Minister of Local Government and National Housing.

(3) The Minister of Finance, with the concurrence of the Minister of Local Government and National Housing, shall designate a member of the Commission as chairman and another member as vice-chairman.

(4) When the Chairman is absent or unable to perform his functions in terms of this section or if no person has been designated as chairman, the vice-chairman shall act in his stead, and while so acting he may exercise all the powers and shall perform all the duties of the chairman.

(5) A member of the Commission shall hold office as a member, and a member designated as chairman or vice-chairman shall hold office as chairman or vice-chairman, during the pleasure of the Minister of Finance.

(6) The Commission shall at the request of—

*(a)* the Minister of Finance investigate, and make recommendations in writing regarding, the apportionment of grants to local government bodies by the State;

(b) 'n Administrateur ondersoek instel en skriftelik aanbevelings doen aangaande die toedeling van inkomste en uitgawes ooreenkomstig artikel 27(1),

met inbegrip van die bepaling van 'n grondslag waarop sodanige toedeling gedoen kan word met inagneming van die lewensvatbaarheid van die betrokke plaaslike owerheidsliggame.

(7) Artikels 2, 3, 4, 5 en 6 van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), is *mutatis mutandis* op die Kommissie van toepassing.

(8) *(a)* 'n Vergadering van die Kommissie word gehou op die tyd en plek wat die voorsitter bepaal.

*(b)* Die meerderheid van die lede van die Kommissie maak 'n kworum vir 'n vergadering van die Kommissie uit.

*(c)* Die besluit van die meerderheid van die lede van die Kommissie wat op 'n vergadering daarvan aanwesig is, is 'n besluit van die Kommissie: Met dien verstande dat in die geval van 'n staking van stemme die voorsitter 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem het.

*(d)* Die Kommissie kan reëls maak met betrekking tot die hou van en prosedure op vergaderings van die Kommissie.

(9) Aan 'n lid van die Kommissie wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan uit die geld deur die Parlement vir dié doel bewillig die besoldiging en toelaes ten opsigte van die dienste deur hom in verband met die werksaamhede van die Kommissie gelewer, betaal word wat die Minister van Finansies bepaal.

(10) Die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Kommissie word verrig deur beamptes van die Departement van Finansies wat vir dié doel deur die Direkteur-generaal: Finansies aangewys word.

**Geldigverklaring van sekere vasstellings**

**30.** Ondanks die nie-nakoming van artikel 8(1) van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), deur die Raad op Besoldiging en Diensvoordele van Stadsklerke, word enige vasstelling van die diensvoordele van stadsklerke, of die wysiging van so 'n vasstelling, wat heet te eniger tyd gedurende die tydperk 17 Februarie 1988 tot die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet deur genoemde Raad kragtens artikel 9 van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984, gedoen te wees, hierby geldig verklaar, en enigiets wat by ontstentenis van bedoelde geldigverklaring ongeldig sou wees, word geag geldig gedoen te wees.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**31.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Provinsiale en Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1992.

(2) Artikels 11 en 13 word geag op 12 April 1985 in werking te getree het.

(3) Artikel 17 word geag op 23 Oktober 1987 in werking te getree het.

(b) an Administrator investigate, and make recommendations in writing regarding, the apportionment of income and expenditure in accordance with section 27(1),

including the determination of a basis on which such apportionment may be made having regard to the viability of the local government bodies concerned.

(7) Sections 2, 3, 4, 5 and 6 of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), shall apply *mutatis mutandis* to the Commission.

(8) *(a)* A meeting of the Commission shall be held at such time and place as the chairman may determine.

*(b)* The majority of the members of the Commission shall form a quorum for a meeting of the Commission.

*(c)* The decision of the majority of the members of the Commission present at any meeting thereof, shall be a decision of the Commission: Provided that in the event of an equality of votes the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

*(d)* The Commission may make rules in relation to the holding of and procedure at meetings of the Commission.

(9) A member of the Commission who is not in the full-time service of the State may, from moneys appropriated by Parliament for the purpose, be paid such remuneration and allowances in respect of the services performed by him with regard to the functions of the Commission as may be determined by the Minister of Finance.

(10) The administrative work incidental to the performance of the functions of the Commission shall be performed by officers of the Department of Finance designated for this purpose by the Director-General: Finance.

**Validation of certain determinations**

**30.** Notwithstanding the non-compliance with section 8(1) of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), by the Board on Remuneration and Service Benefits of Town Clerks, any determination of the service benefits of town clerks, or an amendment of such a determination, purporting to have been made by the said Council under section 9 of that Act at any time during the period 17 February 1988 to the date of commencement of this Act, is hereby declared valid, and anything which, failing such validation, would have been invalid, shall be deemed to have been validly done.

**Short title and commencement**

**31.** (1) This Act shall be called the Provincial and Local Authority Affairs Amendment Act, 1992.

(2) Sections 11 and 13 shall be deemed to have come into operation on 12 April 1985.

(3) Section 17 shall be deemed to have come into operation on 23 October 1987.

GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13100
PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13100